LAERSKOOL Durbanville PRIMARY SCHOOL

Weyerslaan
Durbanville 7550

Telefoon 976 8115 Telephone

Weyers Avenue
Durbanville 7550

E-pos / E mail: accounts@durbieland.com

Omsendbrief 1/2021

26 Januarie 2021

Geagte Ouer

BETALING VAN SKOOLFOOIE VIR 2021

Volgens die resolusie wat ouers op 5 November 2020 by die begrotingsvergadering goedgekeur het, is die **totale skoolgeld van R21 720** vir 2021 vooruitbetaalbaar voor 1 Februarie van elke jaar. Ons besef egter dat dit 'n groot eenmalige uitgawe is en daarom **vergun meeste skole ook vir ouers die geleentheid om dit maandeliks in gelyke paaiemente te betaal**.

Skoolgelde is **wetlik afdwingbaar** in terme van artikel 39 van die Suid-Afrikaanse Skolewet 84 van 1996. In terme van artikel 40 en 41 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, mag die beheerliggaam hierdie verantwoordelikheid afdwing.

Die volgende betaalwyses sal geld:

METODE VAN BETALING	BEDRAG
Eenmalig voor 28 Februarie 2021	R20 820
Debietorder betaalbaar oor 10 maande (Oor 10 maande vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober)	R21 020 (R2 102 per maand)
Kontant, elektroniese betalings en kredietkaart betaalbaar oor 10 maande (Oor 10 maande vanaf 31 Januarie tot 31 Oktober)	R21 720 (R2 172 per maand)

Skoolgeld kan as volg vereffen word:

1. DEBIETORDERSTELSEL

Ons wil graag die debietorderstelsel aanmoedig. Die voordeel vir die skool is 'n gesonde maandelikse kontantvloei en tydbesparing t.o.v. invorderings en administrasie.

1.1 **Ouers reeds op die debietorderstelsel**

Ouers wat reeds in 2020 per debietorder betaal het, hoef nie weer die vorm te voltooi nie. Die bedrag sal outomaties aangepas word na R2 102. Indien 'n boetie/sussie bygevoeg of afgehaal word, moet u die reëling per e-pos tref by payments@durbieland.com. Enige nuwe debietorders kan ook na hierdie e-posadres gestuur word. **Die eerste debietorders word reeds op 29 Januarie 2021 verhaal.**

1.2 Indien 'n debietorder **meer as twee keer** terugkom as gevolg van **onvoldoende fondse**, sal die debietorder outomaties gestaak word. 'n **Koste van R50 sal gehef word** per debietorder wat teruggestuur word.

Leendert Hols Snr | 082 650 1848
Leendert Hols Jnr | 079 544 0292

REALTORS INTERNATIONAL

021 975 3188
43 Main Road, Durbanville, 7550.
www.rigroup.co.za

2. INTERNETBETALING / DIREKTE INBETALING

Indien skoolgeld d.m.v. internetbetaling gedoen word, moet die leerder se **familiekode** of **skoolrekeningnommer (NIE die leerder se naam NIE)** as **verwysingsnommer** gebruik word. Bankbesonderhede is as volg:

ABSA Bank Durbanville
Rekeningnr.: 1410 670 115
Bankkode: 63200500
Verwysing: Familiekode of skoolrekeningnommer

E-pos asseblief die bewys van betaling na **accounts@durbieland.com**

3. KONTANT- EN KREDIETKAARTBETALINGS

Vir sekuriteitsredes word aanbeveel dat kontantbetalings **DIREK BY DIE BANK GEDOEN** word. Indien dit onmoontlik is om aan eersgenoemde versoek te voldoen, kan u ook op die volgende wyses betaal:

- 'n kontantbetaling direk by die finansiële kantoor, waartydens 'n kwitansie onmiddellik aan u uitgereik sal word.
- Kredietkaartfasiliteite is ook by die finansiële kantoor beskikbaar.

4. PROSEDURE VIR VRYSTELLING VAN SKOOLGELDE

Ouers wat nie in staat is om skoolgelde te betaal nie, kan by die beheerliggaam aansoek doen vir algehele, gedeeltelike of voorwaardelike vrystelling van skoolgeld (prosedure soos in Artikel 39 van die skolewet). **Om te kwalifiseer** vir algehele of gedeeltelike vrystelling, **word die biologiese ouers se gesamentlike jaarlikse bruto inkomste** (punt 6.2 van die regulasie) **as maatstaf gebruik**.

Die aansoekvorm om vrystelling (wat slegs amptelik in Engels is) kan in Bylae B versoek word. Die vorms sal in 'n verseëlde koevert aan u gestuur word teen einde Februarie. **Die volledig-voltooide vorm moet teen 15 Maart 2021 ingedien word.** Mev. Boonzaaier sal u verder begelei en alle besonderhede aan die beheerliggaam se skoolgeldkomitee deurgee vir evaluering. **Dit is u verantwoordelikheid om die vorm elke jaar betyds in te handig.**

Vrystelling word gefinansier as 'n uitgawe-item op die skool se jaarlikse begroting. Aansoeke om vrystelling moet dus met groot omsigtigheid deur ouers hanteer word.

5. INVUL VAN BYLAE B

Die WKOD verwag van **alle** ouers om Bylae B vir **elke leerder** te voltooi. Leerders moet die voltooide Bylae B-vorm teen **Donderdag, 18 Februarie 2021** by hul klasonderwyser inhandig. 'n Kopie sal na die Wes-Kaapse Onderwysdepartement gestuur word.

6. AGTERSTALLIGE REKENINGE

Die beheerliggaam beskou agterstallige rekeninge in 'n ernstige lig en sal, in terme van artikel 41(1) van die Skolewet, teen sodanige ouers optree indien hulle nie by hul reëlings hou nie. Hierdie **agterstallige rekeninge sal aan die skool se debiteure-invorderaars oorhandig word. Rente en administratiewe koste sal by die saldo gevoeg word.**

Indien 'n rekening oorhandig word, sal die **totale rekening** deur die skool se onafhanklike skuldinvorderaar vir **die res van die finansiële jaar hanteer word**. Alle korrespondensie en invorderings sal na die oorhandiging die taak van die skuldinvorderaar word. Aangeheg is die prosedure wat gevolg sal word met agterstallige rekeninge. Sien **Bylae A**.

Agterstallige rekeninge hou baie onnodige kostes vir die skool en ouers in. Ons wil u daarom aanmoedig om u rekening op datum te hou of 'n reëling met mev. Boonzaaier te tref.

7. REKENINGNAVRAE

Rekeningnavrae kan gerig word aan **mev. Boonzaaier per e-pos accounts@durbieland.com** of by die finansiële kantoor tussen 07:30 en 15:30. Verstrek asseblief, tydens **alle** navrae, u **verwysingsnommer soos op u staat aangedui**.

8. VERANDERING VAN ADRES OF TELEFOONNOMMERS

Indien u **adres- of kontakbesonderhede verander**, moet u mev. Boonzaaier **onmiddellik** in kennis stel.

Die ouergemeenskap word bedank vir u lojaliteit en ondersteuning. Dankie aan al die ouers wat hul finansiële verantwoordelikheid aanvaar ter wille van die realisering van die skool se doelwitte.

Vriendelik die uwe

H. van Zuydam
VOORSITTER: FINKOM

(Mev.) L. Oosthuizen
FINANSIËLE BESTUURDER

P. du Toit
SKOOLHOOF

LAERSKOOL DURBANVILLE

INVORDERINGSPROSES VIR SKOOLGELD 2021

STAP 1	OMSENDBRIEF 1	26 JANUARIE 2021
STAP 2	SKOOLGELDREKENING	31 JANUARIE 2021
STAP 3	PAAIEMENT 1 BETAALBAAR	31 JANUARIE 2021
STAP 4	PAAIEMENT 2 BETAALBAAR	28 FEBRUARIE 2021
STAP 5	KENNISGEWING VAN SKOOL *Geel brief – Eerste aanmaning*	9 MAART 2021
STAP 6	PAAIEMENT 3 BETAALBAAR	30 MAART 2021
STAP 7	PAAIEMENT 4 BETAALBAAR	30 APRIL 2021
STAP 8	FINALE KENNISGEWING VAN AGTERSTALLIGE SKOOLGELD	4 MEI 2021
STAP 9	OORHANDIG AAN SKULDINVORDERAAR	21 MEI 2021

Gedurende die jaar word enige rekening wat 'n tweede paaiement agterstallig raak, vanaf Stap 5 hanteer.

BYLAE B

SOUTH AFRICAN SCHOOLS ACT, NO. 84 OF 1996

REGULATIONS FOR THE EXEMPTION OF PARENTS FROM PAYMENT

OF SCHOOL FEES

CHECKLIST FORM *

(Mark with a cross in applicable box)

1.	Has the principal informed you about the amount of the annual school fees to be paid?	YES	NO
2.	Has the principal informed you that you are liable for the payment of school fees unless you are totally exempted from paying school fees?	YES	NO
3.	Has the principal informed you about your right to apply for exemption from paying school fees?	YES	NO
4.	Do you wish to apply for such application?	YES	NO
5.	Do you wish to be assisted in making such application?	YES	NO
6.	Has the principal provided you with the form (Annexure B) for application for exemption?	YES	NO

P. du Toit
Name of Principal

Name of Learner and grade

Signature of Principal

Signature of Parent

Date: *26 January 2021*

Date: _____

School stamp:

Name of Parent

LAERSKOOL / PRIMARY SCHOOL
DURBANVILLE
WEYERSLAAN / AVE
DURBANVILLE
7550 TEL: 021-976 8115